

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
10 April 1977

Onderwerp: Die Opstanding  
Paasfees

Lees: Lukas 24 verse 13 tot 35

Teks: Lukas 24 vers 34

Sing: Gesang 140 vers 1  
Gesang 135 verse 1 en 2  
Gesang 133 vers 6

“Die opstandingsevangelie verkondig aan ons Jesus Christus as Oorwinnaar. Dit is juis hierdie boodskap wat aan die Christendom sy onderskeidende karakter verleen as die Godsdien van vreugde en oorwinning te midde van en ten spyte van die smart en die bedreiging van ons bestaan hier op aarde.

“Alleen die Christendom, van al die godsdienste van die wêreld, verkondig die opstanding van die dode. Dit geskied omdat geneen van die ander hul ontstaan kan terugvoer tot ’n stigter wat die dood oorwin het nie. Net Jesus Christus, die Stigter van ons geloof, het die dood ingegaan en as Oorwinnaar uit die graf opgestaan. Gevolglik word die Christelike Godsdien gekenmerk deur die vreugde wat dit in die hart bring. Daarom slaag ander godsdienste ook nie daarin om ware blymoedigheid by hul aanhangers te wek nie.

“’n Mens verwonder jou dat daar in die praktiese Christelike lewe van die teenswoordige tyd nie veel meer van die blydschap en krag van hierdie opstandingsevangelie te bespeur is nie. Die eerste Christene het wel hierdie belewenis ondervind. Daarom kon hulle mekaar selfs in die mees donker oomblikke begroet met: ‘Die Here het waarlik opgestaan’. (Luk 24:34) Dit was ’n jubelroep wat hulle hele lewenshouding bepaal het.

“Broers en Susters, Jesus se opstanding uit die dood kan alleen verklaar word as ’n ingryping van God in die natuurlike loop van sake. Daardeur het Hy, die Almagtige, aan sy Kerk die evangelie van die opstanding toevertrou. Hierdie opstandingsevangelie het die verslaendheid van die dissipels eenklaps verander in groot blydschap. Hulle onsekerheid is vervang deur onwrikbare sekerheid. Hulle geloof en

Christelike lewe het 'n nuwe grondslag gekry. Die geslote deure waaragter hulle uit vrees vir die wêreld vergader het, het oopgegaan en hulle het uitgegaan en sonder vrees getuig. Hulle prediking was gerig op die kernwaarheid: 'Die Here het waarlik opgestaan'.

"As daar geen opstanding was nie, sou die prediking sonder betekenis en die geloof sonder inhoud gewees het. Maar die geloof in die verre Heiland het die Kerk in daardie tyd gelei van oorwinning tot oorwinning.

"Dieselfde boodskap is die enigste waarborg vir oorwinning in die teenswoordige tyd; en daarmee saam die glorieryke vervulling van God se beloftes dat die poorte van die hel die Kerk nie sal oorweldig nie.

"In die lig hiervan behoort die evangelie van die opstanding sy stempel sterk af te druk op ons daaglikse lewe. Want die opstandingsevangelie bring noodwendig skeiding tussen dood en lewe. Dit sny deur tyd en ewigheid. Om dit te bevestig, wys ons op 'n paar waarhede:

"Die opstanding bring 'n nuwe heilsbeskouing. Dit is wat die Christendom van die Jodedom onderskei. Die Joodse volk het vir eeue uitgesien na die verskyning van God se Gesant, wat hulle van alle bande sou bevry en 'n heilstydperk sou inlei. Hulle was moeg van die baie seremonies en wettiese handeling. Toe Jesus op aarde verskyn het, het Hy slegs 'n paar volgelingen gehad wat hulle verwagting op Hom gestel het. 'n Wrede ontnugtering het hulle egter te beurt geval. Jesus is gevange geneem en oorgelewer aan sy vyande en uiteindelik het Hy, die verwagte Messias, op Golgota gesterf en is in die graf van Josef van Arimathea geplaas. Daarmee het die heilsverwachting van sy volgelingen gesterf. Al wat vir hulle oorgebly het, was om terug te keer na hulle sond- en slagoffers en die werklikheid sonder hoop en sonder vreugde.

"God het dit egter anders besluit. Juis hier waar die mens Ikabod wou skrywe, het Hy ingegryp met die opstanding uit die dode. Deur hierdie daad het God aan almal kom sê dat Hy die offer van sy Seun aanvaar het as 'n volkome versoening vir die sondes van die mensheid; en dat die offer van diere nie langer nodig was nie. Jesus het die volle prys betaal vir die oortredings van die mens. Deur genade alleen het daar redding gekom vir elke gelowige deur die bloed van die Saligmaker. Maar méér nog, Hy het ook kom sê die sonde is oorwin. Die Seun van God het die Satan oorwin en die mag van die Bose verbreek. Daarom kan die mens voortaan in Christus Jesus oorwinnend lewe.

“Die opstanding bring ook ’n nuwe lewensbeskouing. Daarom hoef die mens nie meer die hopelose stryd aan te knoop om sy eie heil uit te werk nie. Nee, nou weet hy dat die mag van die Bose gebreek is. Dit is wat die Christendom van die heidendom onderskei. Waar sien ons dit beter geïllustreer as in die lewe van Paulus. Hy het aan die Filippense skrywe dat hy alles skade geag het om Jesus Christus te ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap van sy lyding. Paulus het gepraat van die krag van sy opstanding en getuig dat hy in sy persoonlike lewensondervinding dit nie net eenmaal in die verlede nie, maar daaglik ondervind het. Hierdie insig het Paulus tot ’n heel nuwe lewensbeskouing gebring. Voortaan was sy lewe nie meer onderworpe en gebonde aan die magte wat hom tot stof laat terugkeer het nie, maar ’n bevrydende alles oorwinnende krag het in hom werksaam geword. Hy is opgewek uit die dood deur die opstanding van Jesus Christus tot die vrye lewe van ’n verlore kind van God. Jesus Christus het hom verlos van ’n selfsugtige, nuttelose bestaan en sy aardse lewe herskep.

“Ook Paulus se liggaam was toe diensbaar vir God deur Christus Jesus. Dit was vir die Grieke, met hulle lewensbeskouing dat die liggaam ’n kerker van die siel is en dat die liggaam vernietig moet word om die siel te bevry, ’n aanstoot.

“Nee Broers en Susters, die opstandingsevangelie kom sê vir ons dat die liggaam en ook die lewe in hoë eerbied gehou moet word en na die dood verheerlik word. Hierdie liggaam mag dus nie aan sedelike wanpraktyke ten prooi gegee word nie. Daarom vermaan Paulus elkeen wat die opstandingsevangelie glo, om hoë dinge te bedink: ‘... alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.’ (Fil 4:8,9) Hierdie hoë ideale word prakties moontlik deur die opstandingsevangelie.

“Oor die onverwelklike kroon van die ewige lewe wat vir ons hierna weggeleë is, het Paulus gesê: ‘... maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.’ (Fil 3:12) Dit het sy lewe oorheers.

“Maar die opstandingsevangelie werp ook vir ons nuwe lig op die saak van lyding en smarte. Vir die

ongelowige is dit blote noodlot wat hulle tref en hulle sien die lewe as 'n voortdurende vlug uit vrees vir agtervolging. Nee, deur die opstanding van Jesus is 'n nuwe uitsig gebore. Die verdrukking, beproewing en die dood is nie die einde nie. Die lydig hier is 'n meewerkende faktor in die voorbereiding vir vreugde.

“Broers en Susters, die huidige chaotiese toestand van die wêreld is nie finaal nie. Nee, Jesus is Herskepper van alles en die krag van sy opstanding werk vernuwend. Hy het gesê: ‘Kyk, Ek maak alles nuut.’ (Openb 21:5) Deur die feit van die opstanding van Jesus Christus het gelowiges die reg om uit te sien na die uiteindelijke vernuwing van alle dinge. Hy wat die tirannie van die dood oorwin het, sal die tirannie van die Bose uiteindelik tot niet maak. Christus Jesus is die enigste waarborg vir blywende vrede. Dit sal die volkere een of ander tyd moet erken.

“Ons ken die boodskap van sy opstanding en het daarom nie rede om in moedeloosheid neer te sink nie, want: ‘Die Here het waarlik opgestaan’. Daarom mag ons nie die huidige verwarde wêreld van volkere as ons enigste hoop beskou nie.

“Jesus Christus het ook deur sy opstanding die mens bevry van die mag van materialisme.

“Die opstanding bring 'n nuwe roepingsbeskouing. Dit onderskei ware kinders van God van diegene wat net in naam Christene is. Dit is 'n tragedie dat so 'n groot getal aanhangers van die Christendom nie ag slaan op hulle Goddelike roeping in hierdie wêreld nie. Die stroom van verwêreldliking het só sterk geword dat die Christendom daardeur aangetas is. Wie in die opstanding van Jesus glo, kan egter nie anders as om dit in sy omgewing te verkondig nie.

“Die opstanding van Jesus herinner ons aan die ewige erfenis van die ewige lewe. Daarom kan so iemand nie die aardse lewe as einddoel beskou nie, maar as 'n uitnemende geleentheid om vir die HERE te werk en te getuig.

“Deur God se genade is ons gestel tot medearbeiders van Jesus Christus. Ons mag dus geen lewe lei asof ons aan die wêreldling gelyk is nie. Nee, ons is geroep om die louheid en slapheid in ons geestelike lewe te laat vaar en deur elke daad bewys te lewer dat die krag van Jesus Christus se opstanding in en deur ons werk. Dit kan gebeur deur ons roeping na te kom en die sout en lig in hierdie wêreld te wees.

“Bo alles, Broers en Susters, is die kinders van die Heiland geroepe om steeds blymoedig mekaar te

vertrous en op te wek tot groter kraginspanning in die diens van die Verlosser, want: 'Die Here het waarlik opgestaan'.

"Amen."

Kommentaar:

Indien jy twyfel oor Jesus Christus se opstanding, mag die volgende moontlik vir jou van waarde wees:

Jesus Christus se dissipels het met sy kruisiging hoop verloor, Hom verlaat en teruggegaan na hulle vorige lewens.

Toe het daar iets gebeur wat hulle lewens radikaal omgedraai het, tot die mate dat al die dissipels as martelaars vir hulle geloof gesterf het, buiten Johannes wat as 'n banneling vir sy geloof op die eiland Patmos gesterf het.

Wat was dit wat hulle lewens so radikaal omgeswaai het?

Dit was Jesus Christus se opstanding.